

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Mabhani (172/85) [1986] ZASCA 16 (17 March 1986)

[1986] ZASCA 16

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Nestadt, Joubert, Boshoff

CASE / FILE NUMBER

172/85

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

172/85

JONAS VUYANI MABHANIENDIE STAAT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÉLAFDELING)

In die saak tussen:

JONAS VUYANI MABHANI Appellant

en

DIE STAAT RespondentCORAM: JOUBERT, BOSHOFF, ARR et NESTADT, Wn ARVERHOOR: 3
Maart 1986GELEWER: 17 Maart 1986UITSPRAAKNESTADT, Wn ARDie appellant is as beskuldigde 2, saam metbeskuldigde 1, in die
Witwatersrandse Plaaslike Afdeling

aan 2aan moord (met versagtende omstandighede) skuldig bevind.Hulle is elkeen tot twaalf jaar
gevangenisstraf gevonnis.Appellant is ook op klagte 2 aan roof skuldig bevind. Tenopsigte van
hierdie misdaad is hy 'n verdere een jaar gevang-enisstraf opgelê. Dit is gelas dat sy twee vonnisse
saam-lopend uitgedien moet word. Hy kom tans in hoër beroepteen sy skuldigbevinding aan
moord nadat die nodige verlofhom deur die verhoorhof toegestaan is. Die aansoek om ookteen
die skuldigbevinding aan roof te appelleer is geweieren hierdie aspek van die saak is nie verder
gevoer nie.Die volgende blyk uit die getuienis. Om onge-veer 9.30 uur op die aand van 14 Julie
1984 het die oorle-dene Ganda Mokushana, 'n 26 jarige Swartman, in die veld

naby 3naby die Vosloorus Stadium in die distrik van Boksburg in'n voorval met beskuldigde 1, wat
deur appellant vergesel is,betrokke geraak. Gedurende die loop daarvan is hy weder-regtelik
aangerand, meer besonderlik deur die toedieningvan twee steekwonde. Een was 'n 2 cm.
steekwond aan dielinker nekwortel en die ander 'n 3 cm. steekwond net bo dietepellyn.

Laasgenoemde het blykbaar die eerste gedeelte van sy aorta deurgesteek en dit het tot inwendige bloed-ing gelei. As gevolg hiervan is hy oorledene. Die vraag wat beslis moet word, is of die bevinding van die verhoorhof dat appellant saam met beskuldigde 1 aan die moord deelgeneem het, korrek is aldan nie. Die antwoord hang af van watter rol, indien

enige

4enige, hy, ten opsigte van oorledene se dood, gespeel het. In dié verband is 'n sekere Benjamin Ramashala segetuïenis, namens die Staat, van belang. Hy het tekenne gegee dat hy in die veld gestap het toe hy oorledene, beskuldigde 1 en n derde persoon ongeveer 10 m voor hom opgemerk het. Hy het nie gesien hoe oorledene aangerand of gestek is nie. Hy het egter gewaar dat beskuldigde 1 en die ander persoon hom aan weerskante van sybo-arms gehou het en dat elkeen in besit van 'n mes was. Oorledene, wie se bors bebloed was, het geworstel om hom te bevry, maar kon nie. In 'n stadium het die derde persoon oorledene gelos. Hy het die getuie genader, nog steeds met 'n mes in sy hand, en R22,00 kontant uit sy hemsak ge-

vat

5vat. Dit is op dié wyse dat hy beroof is. Kort gestel, appellant se getuïenis was dat hy en beskuldigde 1 op pad huis toe van 'n smokkelkroeg die oorledene in die veld teëgekom het. 'n Woordewisseling het tussen oorledene en beskuldigde 1 ontstaan. Die oorledene het 'n mes uitgehaal. Beskuldigde 1 het ook 'n mes te voorskyn gebring en oorledene daarmee gestek. Appellant het gepoog om beskuldigde 1 weg te trek maar hy het weer na oorledene (dws. vir 'n tweede keer) gestek alhoewel hy onseker is of hy hom getref het. Appellant het daarin geslaag om beskuldigde 1 se arm te gryp en op sy voorstel is hulle toe weg. Hy het ontken dat hy Ramashala beroof het. Trouens, hy het hom glad nie die

aand

6aand gesien nie. Hy het geen mes besit nie. Ek moet meld dat beskuldigde 1 in sy getuïenis ontken dat hy in enige voorval met oorledene betrokke was maar dit is onnodig om verder hieroor uit te brei. Dit is voor die hand liggend dat, op sy relaas, appellant glad nie in die aanval op oorledene betrokke was nie; intendeel het hy dit probeer verhoed. Op hierdie basis het hy geen deelname aan die moord gehad nie. Die verhoorhof het egter Ramashala se getuïenis aanvaar en, by implikasie appellant s'n, waar dit daarmee gebots het, verworp. Dit het 'n bevinding behels dat beskuldigde 1 semakker appellant was. Op grondslag van hierdie geloofwaardigheidsgevolgtrekking is dit verder beslis dat, al

word

7word dit aanvaar dat beskuldigde 1 eerder as appellant oorledene daadwerklik gestek het, hy daarvoor verantwoordelik is deurdat hulle twee ter uitvoering van 'n gemeenskaplike oogmerk om hom te vermoor, opgetree het. Die eerste vraag wat oorweging verg, is die korrektheid al dan nie van die geloofwaardigheidsbevinding. Namens appellant is dit deur mnr Schutte op verskeie gronde aangeval. Dit is beklemtoon dat Ramashala 'n enkele ooggetuie was. Dit is aan die hand gedoen dat sy getuïenis in verskeie opsigte vir kritiek vatbaar is en meer in besonder in die

volgende opsigte. Hy was onderdie invloed van drank en besig. om van die polisie te vlug; aanvanklik het hy getuig dat terwyl hy op pad was, hy

gesien

8

gesien het hoe oorledene gestee is, maar later het hy homself gekorregeer deur te erken dat hy nie enige steke-ry in werklikheid gesien het nie; hy het aangeneem dat dit appellant is wat aan die voorval deelgeneem het aan-gesien hy die appellant "vandag in die hof sien"; op grond van sy vorige kennis van beskuldigde 1 het hy hom as een van die aanvallers herken maar tog kon hy nie sê of beskuldigde 1 'n blanke of 'n swarte was nie; ongeag dat hy beweer dat die gebied goed verlig is, neem hy aan dat die slagofferswart was bloot omdat dit 'n swart gebied is; dit is onwaarskynlik dat hy die aanvallers gelate sou genader het met 'n houding van "let what is going to happen, happen". In die lig hiervan is aangevoer dat sy getuie is onbe-

troubaar Troubaar was. Staving vir appellant se relaas was, sois dit verder betoog, die getuie is van Johanna Ngwenya, wat ook deur die Staat geroep is. Sy het in haar hoof-getuie is erken dat toe appellant dieselfde aand direk na die voorval dit aan haar gerapporteer het, hy gesê het dat hy beskuldigde 1 se aanval op oorledene probeer keer het. Dit strook met sy weergawe en dien as weer-legging van 'n aantyging van 'n onlangse versinsel. Deur geen gewig hieraan te verleen nie, sou die hof a quo gefouteer het. Selfs was die bevinding dat appellant Ramashala beroof het geregverdig, het die verhoorhof hom wanvoorgelig deur daarvan af te lei dat die aanval op die oorledene ook daarop gemik was om hom te beroof (en der-

halwe 10 halwe dat die appellant aan die aanval op hom deelgeneem het). Ek kan met hierdie betoog nie saam stem nie. Heelwat van die kritiek wat teen Ramashala geopper word, val weg as dit in ag geneem word dat appellant self hom op die toneel van die misdaad geplaas het. Met ander woorde, identiteit is hier nie in geskil nie. Die per-soon wat volgens Ramashala saam met beskuldigde 1 was, kon slegs appellant gewees het soos appellant in kruis-ondervraging erken het. Wat op die toneel gebeur het, is die eerste struikelblok wat teen appellant staan, dat hy noodwendig gebonde is aan die bevinding dat hy Ramashala beroof het. Dit bring mee dat laasgenoemde se weergawe

aanvaar

11

aanvaar moet word. Na my mening geld dit nie net ten opsigte van die gebeure tussen Ramashala en appellant nie, maar ook ten opsigte van oorledene. Die voorval kan nie in aparte afdelings geskei word nie. Op hierdie benadering volg dit dat appellant 'n mes gehad het en dat hy oorledene beet gehad het in die omstandighede soos alreeds beskryf. In iedere geval, al is die herooring van die botsende relas oor hoe oorledene gestee is geregverdig, kan ons met die verhoorhof se feitebevinding in dié verband nie ingryp nie. Alhoewel die verhoorregter nié uitdruklik meld dat Ramashala 'n enkele ooggetuie is of dat die versigtigheidsreel toegepas moet word nie, is dit duidelik dat hy dit moes besef het. Hy sê dat hy deur

hom 12hom beïndruk is. Die getuienis van 'n enkele ooggetuiehoef nie sonder gebreke te wees nie (S v Sauls & Others, 1981(3) SA 172 (A) te 180). Sy toegewing dat hy die werk-like stekery nie gesien het nie is, in 'n mate, 'n waarborg van sy eerlikheid. Die beligting en sy afstand van beskuldigde 1 en appellant was sodanig dat sy waarnemings-vermoëns nie te betwyfel is nie. Alhoewel hy erken dathy sterk drank die aand gedrink het, ontken hy dat dithom beïnvloed het. Daar bestaan geen rede om dit te verwerp nie. Daar is verskeie swakhede in appellant se getuienis. Ek noem enkele voorbeelde daarvan. Ex hypothesi is sy ontkenning dat hy Ramashala beroof het vals.

Dit

13Dit is aan beskuldigde 1 namens hom gestel dat hulle vroeërdie aand die oorledene teëgekom het en dat beskuldigde 1 in 'n voorval met hom betrokke geraak het. In sy getuienis, egter, verklaar hy dat hy nie weet of dit die-selfde persoon was al dan nie. Appellant se weergawe van die verslag aan Ngwenya was dat beskuldigde 1 beweerhet dat hy 'n persoon beseer het. Dit moet vergelyk word met wat aan beskuldigde 1 gestel is toe hy namens appellant kruisondervra is, naamlik, dat hy erken het dat hy iemand gedood het. In sy artikel 115 pleitverduidelikingbeweer die appellant dat hy nie die voorval aan die polisiegerapporteer het nie (iets wat op sigself teen sy weergawetel) omdat hy vir sy lewe gevrees het nadat beskuldigde 1

hom 14hom gedreig het. In sy getuienis egter, beweer hy slegsdat hy vir beskuldigde 1 bang was; hy kon die rede daar-voor nie verduidelik nie behalwe dat hy gehoor het dat beskuldigde 1 "an evil man" is. In kruisondervraging van beskuldigde 1 is dit namens appellant gestel dat toe hy hom probeer keer, hy (beskuldigde 1) hom met 'n mes ge-dreig het en dat hy (appellant) Ngwenya daarvan vertel het. Hierdie aantygings is nog aan Ngwenya gestel nbg in appellant se eie getuienis beweer. Hy het net getuig dat toe beskuldigde 1 oorledene gestek het, hy geskrik het. Dit is onnodig om uitsluitel te gee oor appellant se vorige ooreenstemmende verklaring aan Ngwenya. Al word dit aan-vaar, veral inagnemend dat dit deur die Staat gelei is,

dra

15dra dit, myns insiens, geen gewig nie. Non constat dat dit nie 'n vroeëre versinsel was nie. Bygevolg kan geen beswaar gemaak word teen die verhoorhof se versuim om dit in die guns van appellant te neem nie. Wat die beweeg-rede vir die aanval op oorledene betref, is daar veel te sê vir die bevinding dat dit roof was. Selfs al word dit aangeneem dat dit nie bewys is nie, sodat geen motief vir die stekery daargestel is nie, is ek tevrede dat (inaggenome bogemelde oorwegings en, sonder om oor die hoof tesien dat dit nie nodig is dat appellant se getuienis ge-glo moet word nie maar slegs dat dit redelik moontlik moet wees) Ramashala se getuienis van die betrokke aand se ge-beure korrek deur die verhoorhof aanvaar is.

Die 16Die tweede en oorblywende vraag is of, op so-danige getuienis, die enigste redelike afleiding is dat appellant en beskuldigde 1 kragtens 'n gemeenskaplike oog-merk opgetree het. Dit ontstaan omdat, luidens Ramashalase weergawe, dit nie gesê kan word wie die noodlottige wondtoegedien het nie en of appellant oorledene inderdaad ge-steek het. Daar was geen bewering dat daar bloed aan appellant se mes was nie. In die lig hiervan moet diesaak benader

word op die basis dat dit beskuldigde 1 waswat oorledene gestee het. Selfs op hierdie veronderstel-ling is ek die mening toegedaan dat die vraag bevestigendbeantwoord moet word. Wat die Staat wel bewys het, isonder andere die volgende. Appellant moes bewus gewees

het 17het dat beskuldigde 1, met wie hy die aand saam geloophet, in besit van 'n mes was en dat hy oorledene gesteehet. Hy het ook met 'n mes gewapen, oorledene aan syeen arm beetgehad en met hom geworstel. Hierdie feitehet prima facie aangedui dat appellant, met die nodigeopset, hom met beskuldigde 1 se aanval op die oorledenevereenselwig het en aan sodanige aanval deelgeneem het.Deur valslik te beweer dat hy gepoog het om beskuldigde 1te keer, het appellant versuim om vir sy optrede teenoordie oorledene 'n verduideliking te verskaf. In die af-wesigheid daarvan het bogemelde bewys afdoende geword.

Om saam te vat, ek is tevrede dat die verhoorhofse bevinding dat die Staat daarin geslaag het om te bewys

dat 18

dat appellant aan moord skuldig is, korrek is.Bygevolg word die appèl afgewys.

H NESTADT, Wn AR

JOUBERT, AR)

BOSHOFF, AR) Stem saam

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1986/16.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-mabhani-unknown-topic-asca-1986>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria